1. WORTEL-OOR-ROTS STYL (SEKIJOJU)
Die ideale rots vir hierdie styl het ses aansigte: 'n stewige plat basis, 'n vooraansig wat die interessantste vertoon, 'n agterkant, linker- en regterkant en 'n boonste punt ("apex"). Die rots moet diep vertikale groewe hê waarin die boom se wortels gelei kan word, sodat dit met verloop van tyd pragtige knoetse kan vorm en saamsmelt met die rots.

Dis belangrik om die mooiste eienskappe van die rots, byvoorbeeld rotsskeure oop te laat en die minder interessante dele te gebruik om die boom en wortels in of op te plaas.

Die rots moet karaktervol wees, oneweredig en nie te klein nie. 'n Te klein rots word later heeltemal bedek met wortels en die effek raak verlore.

Met 'n groot rots word 'n skerp dramatiese effek geskep van 'n boom waarvan die kragtige wortels op die rots vasklou.

2. KRANSSTYL (ISITZUKI)
Hier is die rots of "krans" die hoof onderwerp. 'n Kompakte rots met baie karakter, 'n plat stewige basis, 'n diep skeur en ruwe loodregte kranse verleen 'n ruwe manjifieke effek.

'n Piepklein Wildevy met ontblote knoetswortels, hier en daar laag af teen die rots geplant, beklemtoon die kranseffek.

Die rots hoef nie in 'n bak geplaas te word nie (Ushi-Uye styl).



3. 'N RUWE BERGLANDSKAP
'n Ruwe plat rots met verskillende vlakke en met gate in word gebruik. Bo-op groei 'n Wildevy wat sy wortels uitsprei oor die rots, nog 'n kleiner Wildevy balanseer die groter boom met 'n paar tipiese polletjies gras - byna soos in die natuur.

Die rots kan as alleenhouer vir die bonsai gebruik word of 'n geskikte bak kan gebruik word. Die doel is om 'm klein stukkie natuur in miniatuurvorm na te boots en tot perfektheid te vorm. Hierdie landskap kan met die Saikei styl vergelyk word.